# REDAKSIONEEL

## NOGEENS DIE KERKLIED EN GEMEENTESANG

Br. S. H. Solomons wat 'n bydrae oor kerkmusiek in 'n vorige uitgawe gelewer het, verskil van die redaksionele opmerkings in die uitgawe van Maart 1980. Hy stel dat slegs die tweede melodie van Ps. 131 vir Gesang 112 gebruik is. Die argument dat ou melodieë wat „lekker" sing in die Gesangbundel behou is, is dan nie ter sake nie. Die vraag is of daar nie ook ander is nie, bv. die eertydse van Ps. 149?

Hy betoog verder dat al grond die sinode sy uitspraak nie op Skrif en Belydenis nie, is dit met meerderheid van stemme geneem (art. 31 KO) en moet daarom as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd met Skrif en Belydenis is. Reglementeer 'n sinode as die kerke oorspronklik daarom gevra het? Mag iemand sê dat bepaalde melodieë „afgedwing" is? Om „sangverwarring" uit te skakel moet in al die kerke dieselfde melodieë gebruik word. 'n Opdrag van Sinode 1952 is uitgevoer en deur Sinode 1979 met meerderheid van stemme aanvaar. Hy stem saam dat nie slegs in die 16de eeu verdienstelike musiek voortgebring is nie.

Omdat die musiek die inhoud moet dra, verskil hy egter van die bewering dat die musiek 'n „middelmatige" saak is. Die melodieë moet in diens van die Woord staan. Hy verwys na 'n artikel van prof. L. F. Schulze in „Die Kerkblad" van 22 Maart 1978. Die melodieë moet by die teks aansluit in stemming en inhoud. Dit moet die Woord versterk en vaslê. Die Hersieningskommissie maak aanspraak dat hulle daarin geslaag het. Die Sinode van 1979 het skynbaar ook so „gevoel" en daarom moet ons die melodieë dankbaar aanvaar. Die vergelyking tussen „ampsgewaad" en „melodieë" gaan nie op nie, aldus br. Solomons.

Die korrespondent het natuurlik alle reg om sy eie opvattings oor die onderhawige saak te hê, mits hy 'n ander ook net vry laat om sy opinie te behou. Hoewel dit nie *In die Skriflig* se beleid is om blote menings te publiseer nie, maar teologiese vrae te beredeneer en toe te lig, is dit br. Solomons se goeie reg om teenoor die redakteur 'n ander mening te stel wat seker deur baie onderskryf sal word.

Eerstens is die bepalende vraag of die „musiek" wesenlik deel vorm van die „gemeen akkoord" (diens, leer en tug) wat selfstandige kerke in kerkverband plaas. Indien die antwoord hierop negatief is, het 'n sinode geen bevoegdheid om hierin voor te skryf nie — net soos een kerk wat nie van die 16de eeuse musiek hou nie aan 'n ander wat wel daarvan hou d.m.v. 'n sinode kan voorskryf nie. Voor art. 31 KO het ons die beginsel van art. 30 KO. 'n Erediens is primêr 'n aangeleentheid tussen die volk en hulle God onder leiding van die dienste en nie 'n demonstrasie van kerkorganisasie of „kerkverband" nie. Dit mag *wenslik* wees (vir inter-kerklike verkeer, vir drukkoste van 'n psalmboek ens.) om eenvormige musiek te hê. Daarmee is egter nie bewys dat dit gebiedend *noodsaaklik* en *beginsel* is nie.

Die argument van br. S. dat die melodieë nie 'n middelmatige nie

maar essensiële saak is, verval wanneer hy toegee dat Skrif en Belydenis oor melodieë geen voorskrif bevat nie. Indien 'n Sinode dus bloot met beroep op sy kerklike gesag melodieë gaan voorskryf, kan niemand in terme van art. 31 met 'n beroep op Skrif en Belydenis appelleer nie. Dit beteken dus dat daar *dwang* ter wille van kerklike institusionele eenvormigheid met 'n beroep op meerderheid van stemme uitgeoefen word. Dit is die gesagsbeginsel van die Liberalisme wat in die 18de eeu opgekom het. Hulle beskou die Kerk primêr as 'n genootskap wat die sinode as hoogste kerklike liggaam met meerderheid van stemme regeer.

Die gereformeerde beginsel wat ons by Calvyn en selfs by ds. Dirk Postma in 1859 t.o.v. die probleme rondom die Gesange aangetref het, was: eenheid in die essensiële geloofswaarheid en vryheid in die middelmatige, sodat niemand deur kerklike dwang in sy gewete beswaar word nie. 'n Mens kan hier kyk na die beginsel in art. 29 en 32 NGb. Daarvolgens reken 'n gelowige selfs met die minderheid. Eendrag word bevorder deur nie die minderheid in nie-essensiële sake te dwing nie. Dit is bekend dat juis die Hervormde Kerkvergadering op 11 Januarie 1859 ds. D. Postma se vier punt plan waarmee hy vryheid oor die sing van Gesange wou laat om skeuring te verhoed, verwerp het. Die Evangeliese Gesange is verplig vir elkeen wat lid van die Hervormde Kerkgemeenskap wil wees. Die Sinode van 1979 het egter nie die melodieë met uitsluiting van ander verplig nie.

Die probleem raak m.i. dié gevalle waar die reeds bekende melodieë soos van Ps. 18 e.a. nie weer in die Psalmboek herdruk is nie. Dit het die Sinode wel besluit. Dit skakel die moontlikheid van vrye kompetisie tussen melodieë uit en ontneem die kerke die reg en geleentheid om die betrokke Skrifinhoud tot eer van die Here aan te hef op 'n melodie wat hulle verkies. Ek kan nie help nie, daar is 'n verskil in belewing, aanbieding en uitdrukking van die inhoud in die kerke waar ek Ps. 18 byvoorbeeld, op die nuwe melodie of op die meer bekende „ligte" melodie opgegee het. Die bewering dat die melodie by die inhoud van die Woord aansluit, dit versterk en vaslê, mag so wees vir ingewydes in musiek — vir my as 'n gewone mens spreek woorde met musiek wat almal om my laat prewel, moeilik aan omdat ek vasgevang word in die gesukkel met die melodie.

Ek herhaal egter my standpunt: Meer melodieë, melodieë uit verskillende soorte musiek, talle verbeterde melodieë in die nuwe Psalmboek (bv. Ps. 145, SKB. 24 ens.) verryk ons kerklike kultuurskat. Kan ons nie nou weer 'n kommissie opdrag gee om 'n aantal van die beste na-16de eeuse melodieë te selekteer en te groepeer waarop Psalms ook gesing kan word nie? Indien ons 'n melodie teen kompetisie beskerm, dien ons nie die waarheid nie.

## GELUKWENSING

By ons ter perse gaan is verneem dat prof. L. F. Schulze van Hammanskraal na Potchefstroom verhuis om die leerstoel Dogmatiek met gepaardgaande opdrag in Bybelkunde aan die PU vir CHO te aanvaar. *In die Skriflig* wil hom die seën van die Here op

hierdie roeping toebid en vertrou dat hy steeds 'n getroue medewerker sal bly. Dit is ons voorreg om in hierdie uitgawe 'n artikel oor „Calvyn en die Skrifgesag" te kan plaas. Ons weet dat prof. S. hom in besonder vir die Reformasie en Calvyn interesseer.

## ADMINISTRASIE

Die Hoofbestuur van die GTV het 'n woord van besondere dank uitgespreek vir die administratiewe werk deur mev. S. A. Louw en haar eggenoot, ds. H. A. Louw, ten behoewe van die administrasie van *In die Skriflig* gedoen. Dank en waardering is ook aan die Hoofredakteur betuig. Ons blad kon nog steeds voortgaan en ten spyte van die inflasie ongeveer 250 bladsye per jaargang publiseer teen 'n prys van R4000 per jaar. Dit word moontlik gemaak deur die donasies wat van kerke ontvang word. Ons glo dat hierdie donasies direk diensbaar is in die koninkryk van God. Dit bied die geleentheid om kontemporêre gereformeerde teologiese arbeid te publiseer en te sirkuleer tot nut van elkeen wat daarvan wil kennis neem.

Die Redaksie wil ook graag hulle hartlike dank betuig aan diegene wat artikels, besprekings en ander bydraes vir *In die Skriflig* lewer. Dit is byna onnodig om te sê dat sonder daardie inisiatief so 'n onderneming nie volgehou kan word nie. Talle skrywers moet soms ook maande en dalk in enkele gevalle jare geduld beoefen, voordat 'n artikel gepubliseer word. Die aard van 'n uitgawe, aktualiteit of moontlik selfs 'n oordeelsfout van die redakteur, bring dit ongelukkig mee! Aan alle intekenaars en die drukkers, Potch. Herald, vir uitstekende en billike diens, hartlike dank en mag die Here u oor die feesgety verbly en seën.

## ANDERMAAL „KERK" EN „KERKVERBAND"

In hierdie uitgawe verskyn 'n positiewe opstel van prof. Roeleveld oor „Die Gereformeerde Kerkverband as Societas van plaaslike Gemeentes". Wanneer veral die voetnote daarmee saamgelees word, dien dit as sy antwoord op die standpunt van dr. D. C. G. Fourie (vgl. vorige uitgawes van *In die Skriflig* en *Die Kerkbode).*

## „IN DIE SKRIFLIG"

### INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MEI 1980

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Inkomste* | | | |
| Intekengeld ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | R1 445,21 | |
| Donasies ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | | 1 476,00 | |
| | | | R2 921,21 |
| Tekort vir die jaar ... ... ... ... ... ... ... | | | 823,15 |
| | | | R3 744,36 |
| *Uitgawes* | | | |
| Drukkoste (4 uitgawes) ... ... ... ... ... | | R3 400,39 | |
| Administrasiekoste ... ... ... ... | R193,97 | | |
| Honorarium redakteur ... ... ... | 150,00 | 343,97 | |
| | | | R3 744,36 |

### BALANSSTAAT SOOS OP 31 MEI 1980

| | | |
|---|---|---|
| Opgehoopte fonds | | |
| Saldo op 1 Junie 1979 ... ... ... ... ... | R4 118,93 | |
| *Min* tekort van inkomste oor uitgawes ... | 823,15 | |
| | R3 295,78 | |
| *Plus* rente op spaarrekening ... ... ... ... | 218,85 | R3 514,63 |
| verteenwoordig deur | | |
| Kontant in bank ... ... ... ... ... ... ... ... | | R1 092,32 |
| Kontant in spaarrekening ... ... ... ... ... | | R2 422,31 |
| | | R3 514,63 |